# OM GOD SE LIEFDE TE "SIEN"

Kraggakamma, Sondag 21 Junie 2009

Voorafsang

Afkondiginge

Projek Winterhoop – Ian Landman

(Bekendstelling Thailand – skuifies tydens Offergawes)

Gebed

Wydingslied = 478: 1 + 470: 1 (Staande)

Votum = **1 Joh. 4: 7 - 9**

Seëngroet: So seën die Here Sy kinders, vir ons
- met liefde en lewe.

Lied 192: 3 + 190: 3 (Sittende)

"Open oë van geloof" --> **1 Joh. 4: 16a**
Ken ons regtig die liefde van God?
En glo ons regtig in die liefde van God?
Ons kan dit net ken en daarin glo
as ons weet *wat* dit is en *hoe* dit is.
--> **1 Joh. 4: 10 - 16a**

Geloofsbelydenis --> Lied 260: 11 (Staande)

Voortsetting van geloofsbelydenis --> **1 Joh. 4: 16 – 18**
Liefde verdryf vrees.
Vrees nie straf nie – want ek ek het mense lief.
Vrees nie oordeel nie – wat God het my lief.
Het jy vrees? Waarvoor is jy bang?
Liefde verander vrese in vrede.
Vrede met God en mense – is d. gevolg van liefde.
Ken dit en glo dit. Leer dit en leef dit.

Gebed

Wet --> **1 Joh. 4: 19 - 5: 5**

Deur geloof en liefde word sondige wêreld oorwin.
Al die sondigheid van misdaad, moord, ens.
is a.g.v. ongeloof en liefdeloosheid.
Dié wat glo en liefhet kan sulke dinge nie doen nie.
Begin by myself – in die klein dingetjies:
is dit getrou aan my geloof?
is dit bewys van my liefde?
is dit soos God dit wil, volgens Sy wet?
Wat Sy wet vra, is al ons liefde
- vir Hom en vir ons naaste.
Dink ernstig daaroor, wanneer volgende lied sing
en kort stilte daarna:

Lied 250: 1, 2 (Sittende)
Kort stilte

Vandag is ook Biddag vir Blindes
= hulle wat nie kan sien nie.
Te danke aan Braille, kan hulle ook Bybel lees.
“God is liefde” --> Power Point in braille.
Hulle sien dit nie, maar voel dit.

God kan ook nie gesien word nie.
Hoe kan Sy liefde dan gesien word?
Om God se liefde te "sien" --> **1 Joh. 4: 12.**

Mense sien God se liefde in ons liefde vir mekaar.
Is dit waar van jou?
Kan ander mense God se liefde in jou sien?
Kan selfs blinde mense dit voel?
Kan sondige mense dit ervaar?
Is die God van liefde en die liefde van God

sigbaar in hoe ons leef?
Iemand wat nie liefhet nie,
het nie ‘n pers. geloofsverhouding met God nie.
Sonder gelooof --> sonder liefde --> sonder waardes
--> sonde --> liefdelose dade
- soos moord, aanranding, diefstal, verkragting,
misbruik van mense, afskeep, eie belange, ens.
(Vadersdag – wat se tipe pa is jy?).

As ons enigsins iets verstaan van God se liefde,
sal ons spontane reaksie wees om ook lief te hê
- gedring deur God se Gees en ons eie gees
- gemotiveer deur Jesus se voorbeeld.

Net soos bv. wind en elektrisiteit nie gesien kan word nie,
kan God ook nie gesien word nie.
MAAR: die effek is duidelik sigbaar en voelbaar.
Die effek, gevolg, werk van wind en elektrisiteit
kan ons sien en voel.
So ook moet die effek van God se bestaan
sigbaar en voelbaar wees, duidelik wees
- deur ons liefde.

Wat se effek het jou liefde?
Hoe beinvloed dit die wêreld waarin jy leef?
Wat se verskil maak jy aan mense lewens?

In ‘n sondige wêreld waar ons leef in vrees,
is die enigste manier om te oorwin en te oorleef
om lief te hê.
Te midde van al die sonde en chaos,
die sinloosheid en doelloosheid,
maak dit die meeste sin,
is dit die hoogste doel
- om mekaar lief te hê.
--> **1 Joh. 4: 12**

So word God gesien, ervaar, beleef, gevoel.

En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie.
- dit is die kern van hierdie erediens
- dit is die kern van die lewe.
Geloof, hoop en liefde.
En die grootste hiervan is die liefde!

Gebed

Lied 334: 1, 2, 3, 4

Offergawes (met Bekendstelling Thailand)

Bid (lees) Lied 155: 1, 2, 3

Slotlied = 487: 3

Seën

Musikale AMEN.

*Leon*

***Dr Leon M Steenkamp***
BA, B Th, Lis Teol, Honns Voorl & Klin Sielk,
M Th Klin Past, Ph D Pastorale Terapie.

Asterlaan 16
Sunridgepark
Port Elizabeth
6045

Tel.: 041-360-1159 / 082-722-1313